# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

**2 Augustus 2026**



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Welkom by die Hoogland-geloofsfamilie!

As jy vandag vir die eerste keer by Hoogland kuier, as nuwe lidmaat aansluit of as jou kind/jongmens vandag vir die eerste keer by GVG is – dit is regtig lekker om jou en jou gesin hier te hê. Mag jy vandag iets van God se liefde en die warmte van hiérdié geloofsfamilie beleef. Kom drink gerus ná die erediens 'n koppie koffie en maak seker jy stop by die dame by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal. Sy sien daarna uit om jou te ontmoet en sal met graagte help dat jy sommer gou tuis voel.

Vir meer inligting kan jy www.pehoogland.co.za besoek, 'n *WhatsApp* stuur na 079 815 9325 en die Kerkkantoor sal jou kontak of 'n "*Nuwe Intrekkers*"-koevert in die brosjurevakkies neem.

# Program van die dag

**09:00** Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Hoogland het die voorreg om die volgende babas vanoggend te doop

- **Summer Grace Davis** - dogtertjie van Hayden & Chenae vanuit UAE
- **Andries Christiaan Viviers** - seuntjie van Derrick & Amy
- **Sumarie Jacolien van Vuuren** - dogtertjie van Steffni & Jaco

**10:00** GVG in hulle onderskeie lokale

*Deurkollekte: Biblia Hawesending*
*(…versprei Bybels en bied geestelike ondersteuning aan seemanne)*

# Algemeen

## Program vir die week:

**Dinsdag: 4 Augustus**
09:00 Bybelstudie oor Vergifnis
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 Bybelstudie oor Vergifnis

**Woensdag: 5 Augustus**
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

**Donderdag: 6 Augustus**
18:00 Doopkursus

**Vrydag: 7 Augustus**
05:15 Mannebyeenkoms

## Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Hoogland Gebedsversoeke

Stuur gerus enige gebedsversoeke met vrymoedigheid en in volle vertroulikheid per *WhatsApp* na **079 815 9325** – daar is mense wat graag saam met jou wil bid…

# Doopkursus @ Hoogland begin NOU Donderdag, 6 Augustus om 18:00

Verwag julle 'n kleinding of beplan julle om binnekort vir die eerste keer by Hoogland te laat doop? Dan is hierdie verpligte Doopkursus die eerste stap op hierdie besondere geloofspad.

Die kursus is deel van die voorbereiding vir ouers wat hul kind vir die eerste keer by Hoogland laat doop. Julle is baie welkom om dit reeds tydens die swangerskap by te woon.

Kontak gerus in vir Leandra of stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325.

## Uit die hart:

Wanneer ’n mens die langpad vat, moet jy soms stilhou langs die pad: nie omdat jy al by die bestemming gekom het nie, maar omdat dit nodig is om bene te rek, brandstof in te gooi en dalk selfs weer ’n slag na die roete na jou bestemming te kyk. So ’n stilhouplek – of dit nou ’n vulstasie langs die pad is, ’n plaaslike koffiewinkel of sommer jou eie piekniekmandjie met worsies, gekookte eiers en toebroodjies wat by die beton-tafeltjie en -bankies langs die pad uitgehaal word – gee weer perspektief en nuwe moed vir die reis.

Augustus is só ’n stilhouplek in Hoogland se jaarlikse reis. Soos daardie gunsteling-plek waar jy altyd stop, is dit ’n geleentheid om weer perspektief te kry op ons lewensreis: Waarheen is ek op pad? En as ek weet waarheen ek op pad is, wys die rigting waarin ek vandag leef dit ook?

Op ons lewensreis gebeur dit maklik dat ons mettertyd begin leef asof alles wat ons besit, ons eie is. Die Bybel herinner ons egter dat alles wat ons het, uit God se hand kom. Ons is nie die eienaars daarvan nie, maar rentmeesters van dit wat Hy aan ons toevertrou het.

Daarom is Tiende Dankoffermaand nie bloot ’n fondsinsamelingsprojek nie; dit is ’n geloofsreis waarin ons ons lewe voor die Here ondersoek. Dit is ’n tyd om te vra: "Here, wat het U aan my toevertrou? Weerspieël die manier waarop ek met my geld en besittings omgaan dat U die Here van my hele lewe is?"

Ons reis deur Augustus sluit ook aan by die preekreeks: Op pad. Waarheen ons op pad is, bepaal immers hoe ons leef. Kinders ontvang tydens GVG ook hulle eie geloofsreis vir die maand en kry die geleentheid om die geloofsgewoonte van dankbaarheid en dankoffers prakties in te oefen.

Die laaste Sondag van Augustus vier ons Tiende Dankofferfees. Tydens die erediens kry elkeen die geleentheid om sy of haar dankoffer na die Here te bring: of dit nou ’n dankofferkoevert of ’n bewys van ’n elektroniese betaling is. Dit is ’n oomblik waar-in ons saam bely dat alles wat ons het, aan God behoort, en Hom daarvoor dank.

**...Pieter**

Neem gerus 'n Tiende Dankoffer-koevert uit die brosjurevakkies of van die banke. GVG-maats en jongmense ontvang ook iets spesiaal in hulle groepe om hierdie Geloofsreis meer prakties in te oefen.

Bydraes kan op die volgende maniere gemaak word:

- Elektroniese betaling: PE Hoogland | ABSA Tjekrekening: 1400149980
- Kontant: Tiende Dankoffer-koeverte is in die brosjurevakkies en op die banke beskikbaar.
- Kaartbetalings: By die kerkkantoor.




Kry jou kaartjie op een van die volgende maniere :

aanlyn op Quicket vinnig en veilig.

Skandeer die QR kode op jou foon

Sondae by die Info@PEHoogland-tafel sal daar n Quicket fasiliteit wees.

Stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 en die kantoor sal jou help

By die Kerkkantoor